

Saterdag 31 Julie

Skrifgedeelte: Hooglied 8:14

Fokusgedeelte: Hooglied 8:14

Liefde wek gesonde verlange

In vers 13 het die man geroep na sy vrou. Die vrou antwoord haar man se roepstem in vers 14. Dit is duidelik dat daar 'n wedersydse verlange is na mekaar. Hulle tyd saam is so aangenaam dat daar 'n sterk verlange is wanneer hulle nie bymekaar is nie.

Die verlange is 'n romantiese en intieme verlange, maar nie net seksueel nie. Die man besing die bekoorlikheid van sy vrou. Dit sluit natuurlik haar skoonheid in, maar hier is die fokus nie op haar skoonheid nie. Hy verlang na haar liefde en hy verlang om sy liefde aan haar te kan wys. Ons weet nie of die tyd van afsondering 'n dag by die werk was, en of dit 'n langer tyd was nie. Ons sien die gevolg wel duidelik: dit vuur hulle liefde vir mekaar aan.

Die wedersydse verlange behoort by elke huwelik teenwoordig te wees. Dit is een van die kenmerke van 'n verhouding, oud of jonk, wat gesond is. Ons beleef ook iets van 'n verlange in ons eredienste. Ons elkeen behoort natuurlik elke dag tyd met God te spandeer, maar daar is iets besonder aan 'n erediens. Die erediens rus ons toe vir ons diens aan God deur die res van die week, terwyl die res van die week verlange by ons moet aanwakker om weer in die erediens te wees, en eendag volledig by ons Here Jesus Christus te wees.

In ons verhoudings met mekaar en met God is volharding om ons liefde uit te leef en volharding in ons getrouheid die sleutelresep om die verhouding gesond en intiem te hou. Hoe maak ons dan as ons in hierdie verhoudings wil groei? Die antwoord is om die tyd saam kosbaar te maak sodat die afsondering verlange sal wek. Gee jou beste tyd vir God en jou huweliksmaat.

Sing: Psalm 84-1:1

Ds. PJ Hattingh (Peter) (Okahandja)